



VERANDER DIE EKONOMIE VAN JOU LEWE

21 November 2012, Ps Stephen Smith

Heavenly resources have only one purpose – that Jesus Christ would receive His full reward and inheritance in our age. Just as God held nothing back from Solomon, who longed to build a tabernacle for God on earth, God will hold nothing back from a generation of people who long to bring Jesus everything that belongs to Him!

God is about to release finances and resources to reshape the Body of Christ on the earth.

God is looking for those who desire an open-door experience with the One who is the Master of all keys, Jesus.

The Lord's audible voice filled the room, introducing the angel standing before me: "Welcome the Minister of Finance for the Kingdom."

- Shawn Bolz (Keys to Heavens Economy)

For we are fellow workmen (joint promoters, labourers together) with and for God; you are God's garden and vineyard and field under cultivation, [you are] God's building.

I Corinthians 3:9 (Amplified)

Die seën van die Here – dit maak ryk, en moeitevolle arbeid voeg niks daarby nie.

Spreuke 10:22

...Dit kom nie uit onself nie, maar net van Hom. Ander mense sal dit ook in ons lewe kan sien.

(Boodskap)

Genade is God se vermoë (die seën) wat in die mens werk en hom in staat stel om te doen wat hy nie in sy eie vermoë kon doen nie.

Wat is die seën van God?

Om geseënd te wees beteken om die vermoë van God te hê vir **voorspoed, sukses en 'n lang lewe**. In wese is dit 'n *bemaking van krag*.

Die lewe langs die pad vs 'n lewe in die Koninkryk

En terwyl Hy naby Jérigo kom, sit daar 'n blinde man langs die pad en bedel; en toe hy 'n skare hoor verbygaan, vra hy wat dit is. En hulle vertel hom: Jesus die Nasaréner gaan verby.

Lukas 18:35-37

En hulle het in Jérigo gekom. En toe Hy en sy dissipels en 'n aansienlike skare uit Jérigo uitgaan, sit die blinde man, Bartiméüs, die seun van Timéüs, langs die pad en bedel.

En toe hy hoor dat dit Jesus die Nasaréner was, begin hy om uit te roep en te sê: Seun van Dawid, Jesus, wees my barmhartig!

En baie het hom bestraf, dat hy moet stilbly; maar hy het al harder uitgeroep: Seun van Dawid, wees my barmhartig!

Toe gaan Jesus staan en sê dat hy geroep moes word; en hulle roep die blinde man en sê vir hom: Hou goeie moed, staan op! Hy roep jou.

En hy gooi sy oorkleed af, staan op en kom na Jesus toe. En Jesus antwoord en sê vir hom: Wat wil jy hê moet Ek vir jou doen? En die blinde man sê vir Hom: Rabbóni, dat ek mag sien.

En Jesus sê vir hom: Gaan, jou geloof het jou gered. En dadelik het hy gesien en Jesus op die pad gevolg.

Markus 10:46-52

- **Gelykenis aangaande die Koninkryk**

En Hy het baie dinge deur gelykenisse tot hulle gespreek en gesê: 'n Saaiër het uitgegaan om te saai; en terwyl hy saai, val 'n deel langs die pad, en die voëls het gekom en dit opgeëet.

En 'n ander deel het in die goeie grond geval en vrug opgelewer: die een honderd—, die ander sestig—, die ander dertigvoudig.

Wie ore het om te hoor, laat hom hoor!

Matthéüs 13:3-4; 8-9

Jy weet jy is 'n gewer, maar jy het niks om te gee nie. Daar is geen fout met jou hart nie, dis by jou bankrekening waar die fout is. Daar is van jou gesteel. Jy wil 'n distribusie kanaal vir God wees, maar daar is niks om te distribueer nie **want jy is langs die pad!** **Jy bevind jou altyd in 'n behoefte, plaas van heerskappy.**

- **Wat is hierdie lewe langs die pad?**

'n Lewe langs die pad, is 'n lewe van geen insig en openbaring nie.

Daarom spreek Ek tot hulle deur gelykenisse, omdat hulle, terwyl hulle sien, nie sien nie, en terwyl hulle hoor, nie hoor of verstaan nie.

En aan hulle word die profesie van Jesaja vervul wat sê: Met die gehoor sal julle hoor en glad nie verstaan nie, en julle sal kyk en kyk, en glad nie sien nie.

Want die hart van hierdie volk het stomp geword, en met die ore het hulle beswaarlik gehoor; en hul oë het hulle toegesluit, sodat hulle nie miskien met die oë sou sien en met die ore hoor en met die hart verstaan en hulle bekeer en Ek hulle genees nie.

As iemand die woord van die koninkryk hoor en nie verstaan nie, kom die Bose en roof wat in sy hart gesaai is—dit is hy by wie langs die pad gesaai is.

Matthéüs 13:13-15, 19

'n Lewe langs die pad is 'n mentaliteit van armoede. Wanneer jy 'n mentaliteit oor 'n ding het, het jy ook daardie lewe. Dis 'n mentaliteit wat iets hoor en dit nie verstaan nie.

Hy het my geleer en vir my gesê: Laat jou hart my woorde vashou; onderhou my gebooi, dan sal jy lewe. Verkry wysheid, verkry insig; vergeet nie en wyk nie af van die woorde van my mond nie: verlaat dit nie, dan sal dit jou bewaar; kry dit lief, dan sal dit jou bewaak.

Die beginsel van die wysheid is: Verwerp wysheid en verwerp insig deur al wat jy besit.

Spreuke 4:4-7

Wanneer jy vanuit een speelveld na die volgende beweeg, kan jy terug kyk en die vorige speelveld van die lewe duidelik sien en verstaan. Wanneer jy nog in daardie vlak is, sien jy nie daardie vlak so duidelik nie. Jy moet geloof hê vir die volgende vlak.

Jou mentaliteit moet verander sodat jy by die plek kan kom en vra: Wat beteken dit? Waarom is ek hier? Ek dra geen vrug in my lewe nie? Hoekom?

Do not be conformed to this world (this age), [fashioned after and adapted to its external, superficial customs], but be transformed (changed) by the [entire] renewal of your mind [by its new ideals and its new attitude], so that you may prove [for yourselves] what is the good and acceptable and perfect will of God, even the thing which is good and acceptable and perfect [in His sight for you].

Romans 12:2 (Amplified)

Karakterieenskappe van 'n gees van armoede

- **Mentaliteit van materialisme vs Kwantum mentaliteit.**

Gees van armoede of tekort is gebaseer op 'n mentaliteit van materialisme. 'n Mentaliteit van materialisme kan nie waarde in hoeveelheid sien nie. M.a.w, informasie, tyd, verhoudings, invloed is nie vir hom belangrik nie. Hy kan dit nie sien nie.

Jy kan nie aan verhoudings, toekoms, kennis raak nie. Daarom moet ons besef dat iets waaraan jy *kan raak*, nie meer waardevol is as iets wat jy *nie* aan kan raak nie.

- **Nou vs Later mentaliteit**

Die *nou mentaliteit* hou jou in armoede. Die onvermoë om te waardeer wat jy het, of die onvermoë om in die toekoms te saai of te plant is 'n mentaliteit van armoede. Die *nou mentaliteit* sien nie die waarde om nou te spaar vir die toekoms nie.

Wie wysheid liefhet, is gelukkig. Wie daarna smag om reg te leef, sal dit regkry. Wie wys leef, kry rykdom en eer, voorspoed en sukses. Die voordele van die regte manier van leef is onpeilbaar groot. Selfs die suiwerste goud en duurste silwer kan dit nie koop nie. Wysheid moet oral in mense te sien wees. Tree daarom in elke lewensituasie reg op!...

Spreuke 8:17-20 (Boodskap)

'n Gelowige se lewe is vol opwinding. Wie net die verkeerde dinge doen se lewe is vol ellende. Dit is soos die dood.

Spreuke 12:26

- **Matriargaal vs Patriargaal**

Waar die vrou die hoof van die gesin is. Een van die hoofredes wat mense skuif van situasie armoede na generasie armoede is wanneer die man van die huis afwesig is.

- **Plesier vs Opvoeding mentaliteit**

'n Arm mentaliteit spandeer meer geld aan plesier as opvoeding en kennis.

- **Kwaliteit vs Kwantiteit mentaliteit.**

'n Gelowige lewenstyl verryk 'n mens. Insig verleen kwaliteit aan die lewe.

Spreuke 19:8 (Boodskap)

- **Geluk vs Keuse**

Walking in divine health and obtaining financial abundance are choices.

- George Thompson

Mense met 'n gees van armoede glo aan geluk. Mense met 'n mentaliteit van oorvloed glo aan keuses.

'n Arm mentaliteit val ook vir elke "vinnige rykdom" transaksie.

Pas op vir vinnige finansiële transaksies.

Mense wat hard werk, bereik hulle doel. Hulle kom bo uit. Luies bly lewenslank ander se vloerlap.

Spreuke 20:16; 12:24 (Boodskap)

Rykdom pas darem nie by 'n dwaas nie.

Spreuke 19:10 (Boodskap)

- **Verbruikers mentaliteit vs 'n Produksie mentaliteit.**

Ons is nie geskep om net te verbruik nie. God se gees in jou is om te produseer. Elisa vra die vrou: *Wat het jy in die huis? Het jy m.a.w iets wat jy kan wys of het jy alles wat jy het verbruik?*

'n Mentaliteit van oorvloed produseer welvaart, en rykdom. Hy produseer 'n lewe, iets om na terug te kyk. Die vloek verbruik net, kan niks wys nie. Sulke mense is ook nie goeie rentmeesters nie.